Mediaverklaring
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
28 Februarie 2018

Fundisa sluit vir nuwe beleggers

Die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) het die Fundisa-effektetrustopvoedingsfonds vir nuwe beleggers gesluit na beraadslaging met die stigtersvennote, en dit is onmiddellik van krag.

Trevor Chandler, Senior Beleidsadviseur by ASISA, sê nadat die Nasionale Begroting bevestig het dat die regering gratis hoër onderwys en opleiding vir studente uit gesinne met 'n inkomste van minder as R350 000 per jaar gaan infaseer, is daar nie meer 'n aanmoediging vir beleggers om vir die opvoeding van kinders uit laer-inkomstegesinne te spaar nie.

Fundisa is 'n bemakingsprojek wat 10 jaar gelede deur die eertydse Vereniging van Kollektiewe Beleggings (VKB) in vennootskap met die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) bekend gestel is om die tersiêre opvoeding van leerders uit laer-inkomstegesinne te help befonds. Met ASISA se stigting in 2008 het die Vereniging die VKB se verantwoordelikheid vir Fundisa oorgeneem.

Die fonds pas 'n inkomstevlaktoets van 'n jaarlikse huishoudelike inkomste van R180 000 of minder op die families van bevoordeeldes toe.

Benewens dat beleggers in die totale opbrengs van die fonds deel, word beleggings in die fonds beloon met 'n jaarlikse bonusbetaling van tot 25% tot 'n maksimum van R600 per begunstigde. Die bonusbetalings is bedoel as 'n aansporing om beleggers te vergoed omdat hulle vir hoër onderwys spaar. Die bonus word verbeur indien die belegging vir 'n ander doel as onderwys aangewend word.

Chandler sê ofskoon die jaarlikse bonusbetalings nog nooit gewaarborg was nie, het ASISA hom daartoe verbind om die jaarlikse bonusbetalings vir die bestaande 27 185 begunstigdes uit laer-inkomstegesinne vol te hou, mits beleggers hul bydraes tot die fonds volhou.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@fild.co

Uitgereik namens:
Trevor Chandler
Raadgewende Senior Beleidsadviseur

Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye.